

Wanneer stukke van ons lewens legkaart ontbreek

Dis een van die dinge wat 'n mens die diepste raak in die hele "heilige drama" van die boek Job, dat al die klein mensies voor op die toneel nie weet wat agter die skerms oor hulle lewe besluit is nie. Hulle is soos mense wat sukkel en sukkel om 'n legkaart aanmekaar te sit ... maar hulle kán net nie, want stukke van die legkaart is nie daar nie. So worstel jy en ek ook mos dikwels om die legkaart van ons lewe te laat pas ... maar die raaisels bly.

Job weet nie dat die Here in die hemel Satan toegelaat het om die waaragtigheid van sy diens aan God te toets nie. Ons weet dit. Al wat Job weet is wat hy ervaar: hy word skielik gestroop van sy besittings en ook van al sy kinders. Hy laat God egter nie los nie. Die Satan verloor... God laat toe dat die toets swaarder gemaak word: sy gesondheid word aangetas. Uiteindelik sit hy daar, soos die patetiese bondeltjie lewe wat hy geword het, al krappend aan sy sere.

Wat sou jy onder sulke omstandighede gedoen het as jy die vrou van Job was? Ook sy weet nie wat "ágtter die skerms" besluit is nie. Ook sy het haar besittings en kinders verloor, maar sy het darem nog haar man – al is dit op die ashoop. Ons vergeet dikwels van háár stryd. Sy kan dit net nie aanskou hoe haar man ly nie. Dis of sy haar hande in die lug gooi as sy uitroep: "Vervloek God en sterf." Draai jou rug op God. Vergeet van die geestelike stryd.

Job kry die genade om nie haar raad te volg nie. Maar hoe goed is God nie: al wil Job se vrou die Here loslaat, Hy laat haar – en ons as gelowiges vandag – nie los nie. Dink maar aan die einde van die boek ... en dink maar aan die kruis op Golgota.

Sing: Psalm 73:10

Dr PP Kruger (Meyerspark)